

## GRAAD 10 – SINSLEER OEFENING

**OPDRAG :** Gebruik die teorie-inligting by elke nommer as hulp om die opdrag uit te voer.

1. Onderstreep die GESEGDE in elk van die grapsinnetjies:

Die gesegde van 'n sin is die hoofwerkwoord met al sy hulpwerkwoorde.  
Die gesegde wys vir ons die handeling /aksie in die sin.

- 1.1 Kelner, waarom dryf daar 'n vlieg in my alfabetsop? Hy hou van lees! (1)  
1.2 Kelner, is daar sop op die spyskaart? Nee, ek het dit afgegee. (1)

2. Onderstreep die ONDERWERP in die grapsinnetjies:

Die onderwerp is die persoon of ding wat die handeling uitvoer. Om die onderwerp te kry, vra ons wie/wat VOOR die gesegde. ('n Slim plan is om altyd eers die gesegde te kry!)

- 2.1 Die Muisgenoot **is** my kat se gunstelingtydskrif. (1)  
2.2 Ons skool se tennisspan **het** net-net **verloor**. (1)

3. Onderstreep die VOORWERPE in die grappies:

Die voorwerp is die persoon/ding wat die handeling ontvang.  
Om die DIREKTE VOORWERP (DVW) te kry vra wie/wat NA die gesegde.  
Om die INDIREKTE VOORWERP (IVW) te kry, vra VIR of AAN wie/wat na die gesegde

- 3.1 Om verveeldheid te voorkom, **kan** jy 'n facebook-profiel vir jou troetelklip **skep**. (2)  
3.2 My hond is so lui, hy **jaag** net geparkeerde karre! (1)

4. Onderstreep die byvoeglike bepaling / frases in die volgende grapsinnetjies.

'n Byvoeglike bepaling (1 woord) of frase (meer as een woord) vertel ons meer van die onderwerp, direkte of indirekte voorwerp van 'n sin.  
ONTHOU: 'n Bepaling het nooit 'n gesegde nie.

- 4.1 Waarom sit Jannie met sy kaal voete op die klavier? Die nuwe musiekjuffrou het gesê hy moet 'n vinnige toonleer speel! (1)  
4.2 Gisteraand het ek 'n wonderlike droom gehad waarin ek die allerlekkerste malvalekker opeet en toe ek vanoggend wakker word is my snoesige, sagte kussing weg! (1)

5. Onderstreep die bywoordelike bepalinge / frases in die volgende grappie.

'n Bywoordelike bepaling (1 woord) of frase (meer as een woord) vertel vir ons hoe, waar of wanneer die handeling in die sin plaasvind.  
ONTHOU: 'n Bepaling het nooit 'n gesegde nie.

Elke aand slaap al die letters mooi soet in die alfabet! (3)

6. Onderstreep die byvoeglike bysinne in die volgende grappie:

'n Byvoeglike bysin is 'n baie kort sinnetjie wat ons meer vertel van die onderwerp, direkte of indirekte voorwerp van 'n sin.  
ONTHOU: 'n bysin het altyd 'n gesegde. Die byvoeglike bysin word gewoonlik ingelei deur 'n betreklike voornaamwoord, bv. wat, waarop, waarmee, waarin ens.

6.1 Die enigste bank waarin jy nie jou geld kan spaar nie, is die vensterbank. (1)

6.2 Die kar is so stadig die agterruit is vol goggas wat daarin vasgevlieg het. (1)

7. Onderstreep die bywoordelike bysin in die volgende grappie:

'n Bywoordelike bysin is 'n baie kort sinnetjie wat ons vertel hoe, waar of wanneer die handeling in die sin plaasvind.

7.1 'n Posseël kan reg rondom die wêreld reis terwyl dit net in een hoekie sit. (1)

7.2 Waarom is die blondine se oor gebrand? Haar selfoon het gelui terwyl sy besig was om te stryk. (1)

8. Besluit of die onderstreepte bysin 'n gesegdesin, voorwerpsin of 'n onderwerpsin is:

Daar is drie soorte selfstandige bysinne: 'n onderwerpsin, 'n voorwerpsin en 'n gesegdesin. Dan het die onderwerp of voorwerp sy eie gesegde. Die onderwerpsin en voorwerpsin kan getoets word deur die voornaamwoord "dit" in die plek van die bysin te plaas. Die gesegdesin volg altyd direk na die koppelwerkwoord. Ons doen dieselfde as by nr. 1 en 2 om die onderwerpsin en voorwerpsin te identifiseer.

8.1 Hy het so baie tatoeërmerke dit lyk asof hy met 'n nat koerant geslaan is (1)

8.2 Dat sykouse makliker leer as skoolkinders, is 'n hartseer waarheid. (1)

9. Skryf die twee hoofsinne neer wat in die volgende veelvoudige sin voorkom:

'n Veelvoudige sin bestaan uit TWEE of meer 2 hoofsinne (hoofgedagtes) wat gewoonlik deur 'n voegwoord verbind is. Bysinne kan ook saam met die hoofsinne voorkom.

9.1 Ek is seker dat ons skoolhoof 'n heks is, want op haar deur staan kan-toor! (2)

9.2 Die koei het die emmer geskop en daarom is daar vanoggend al weer nie melk nie, (2)

10. In die volgende veelvoudige sin is daar 3 hoofsinne en 'n voorwerpsin. Skryf net die voorwerpsin neer:

My tekkies se sole is so dun, as ek op 'n munstuk trap, kan ek voel of die kopkant of stertkant bo is. (1)

11. Pas nou alles wat jy geleer het toe om die volgende sinsdele van die grappie te identifiseer. (Wenk: hierdie is 'n veelvoudige sin.)

Nadat sy my opstel gelees het, het my Afrikaans-juffrou gesê ek gaan seker 'n dokter word, want ek skryf lelik genoeg daarvoor!

11.1 Hoofsin 1 (1)

11.2 Gesegde van hoofsin 1 (1)

11.3 Voorwerpsin van sin 1 (1)

11.4 Onderwerp van sin 1 (1)

11.5 bywoordelike bysin (1)

11.6 Hoofsin 2 (1)

11.7 Bywoordelike bepaling (1)

**[30]**

**BRON: Al die grappies in hierdie werkkaart kom uit 1001 GRAPPE deur Jaco Jacobs**